**STRAND-NOORD**
NG GEMEENTE

**Saam bring ons Christus aan almal**

Eerbied vir God Drie-enig
Standvastigheid
Samehorigheid
Verdraagsaamheid
Omgee

**Sondag 21 September 2025**
Erediens & Aanlynboodskap 09:30
Ds Leon Marais
Teks: Matteus 4:18-22
Tema: Oral en altyd
Kinderkerk 09:30 Aandkerk 18:00
Deuroffer: Bediening aan Dowes

**Sondag 28 September 2025 - Biddag vir Bediening aan Jode**
Erediens & Aanlynboodskap 09:30
Ds Leon Marais
Kinderkerk 09:30 Aandkerk 18:00
Deuroffer: Bediening aan Jode

(vir meer inligting oor die deuroffers - https://www.kaapkerkadmin.co.za/deuroffers/)

## UITREIKMAAND 2025

| | |
|---|---|
| 31 Augustus | Jacques en Arzu Smith (Turkye) |
| 7 September | EJ en Sané Leach (RSA, voorheen Indië) |
| 14 September | Eric Swanepoel en Tertia Kellerman |
| 21 September | Magdaleen Goosen (Internasionale Studente) |
| 26 September | Pannekoek verkope vir Oekraïne uitreik |
| 28 September | Fokus op Mosambiek |

SAAM BRING ONS CHRISTUS
HIER, DAAR EN ORAL

## Resepte van oor die wêreld

Gedurende Uitreikmaand sal daar elke week 'n resep uitgegee word. Ons wil julle aanmoedig om die resep by die huis te probeer & dan vir ons 'n foto van die eindproduk, of 'n video van die proses te Whatsapp (076 147 3039).
Lekker kook!















**"Bid vir mekaar..."**


Ons tree saam in gebed vir die volgende lidmate en hulle families:



- Mari-Alena Potgieter.
- Johan Labuschagne van De Vosstraat.
- Dedré Botha van De Jonghstraat.

**GETUIENIS AKSIESPAN + MELKTERTKOMMISSIE**
**=**
**OEKRAÏNE UITREIK**

Vrydag 26 September verkoop die Melktertkommissie pannekoek ten bate van die Oekraïne uitreik. Bestel jou kaneelsuiker pannekoeke (R8 elk) of jou maalvleis pannekoeke (R20 elk) teen Donderdag 25 September.
Pannekoeke kan 26 September 10:00 OF 16:00-17:30 by die kerkkombuis afgehaal word. Bestel jou pannekoeke aanlyn (https://ngkstrandnoord.co.za/winkel/) of by die kerkkantoor.




**Leesrooster:**
21 September: Jeremia 8:18-9:1; Psalm 113; 1 Timoteus 2:1-7; Lukas 16:1-13
28 September: Jeremia 32:1-3a, 6-15; Psalm 146; 1 Timoteus 6:6-19; Lukas 16:19-31

**MANNE-AAND!**

Kom kuier lekker saam met 'n kernfisikus!
Datum: Donderdag 2 Oktober 2025
Plek: NG Strand-Noord Kuiersaal
Tyd: 18:30 vir 19:00
Spreker: Gillian Arendse
Koop jou kaartjie aanlyn of by die kerkkantoor.

**Gesprekstaakspan**

Die Kerkraad het op die laaste Kerkraadsvergadering (25 Augustus 2025) besluit om 'n gesprek te hou oor die finansiële uitdagings van ons gemeente. Hierdie is 'n oop gesprek & ons wil graag alle lidmate nooi om gerus te kom deelneem.
Datum: Maandag 22 September
Tyd: 19:00
Plek: Kuiersaal
Sien jou daar!





Jy, vrou, kroon van God se skepping!

Bring jou mooiste blommekrans, dra dit met grasie en kom "aard" jou weer in Jesus!
Hierdie Vroue Oggend word ingekleur met ons eie Louis Loock, heerlike eetgoed en Elmarie Pretorius van The Mindspa.
Datum: Saterdag 1 November
Waar: NG Strand-Noord
Tyd: 09:30 vir 10:00

R120pp
Kontak die kerkkantoor: 0218537223 / 0761473039

**Kontak gerus vir Sumarie (082 071 0558) of Gerda (084 583 8630) as jy 'n gasvrou wil wees.**


# Welstand

**– Leef gesond. Dink jouself gesond!**

**Solidariteit Helpende Hand Helderberg-tak** nooi jou hartlik uit na 'n spesiale aand van inspirasie en insig!

**Gasspreker: Dr. Pieter van Jaarsveld**

'n Gerespekteerde deskundige op die gebied van gesondheid en welstand



**Donderdag 16 Oktober 2025 | 18:30**
Huis Pam Brink, Myburghstraat 16, Strand

**R125 per persoon** – Dit sluit koffie en iets lekkers in, met trots bedien deur Huis Pam Brink.

**Kaartjies beskikbaar by www.weskaaphand.co.za.**
Bespreek vroegtydig, plekke is beperk!

**Kontakpersoon:** Marilize de Vaal – weskaap@helpendehand.co.za

**BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS**



Donderdag 2 Oktober 2025 om 09:50 by die NG Moederkerk in Andries Pretoriusstraat, Somerset-Wes.
Me Melissa Davida, Marine-bioloog sal by hierdie geleentheid met ons gesels oor die impak van klein seediertjies op die seelewe.
Emma Salt, Altviolis, sal ook by die geleentheid optree. Kom geniet gerus 'n lekker koppie tee of koffie, verversings en goeie geselskap vanaf 09h:15.
Almal welkom. Lede: R20/Besoekers: R30

**Bankbesonderhede vir elektroniese dankoffers en bydraes:**
NG Kerk Strand-Noord
Absa, tjekrekening
Rek no. 420580037
Takkode 632005

SnapScan
Dankie vir jou bydrae!

**Kom deel in 'n gesprek met Raadsheer Geordin Hill-Lewis. Aangebied deur die Deeltitel Vereniging Strand, in samewerking met die Strand Buurtwag en Strand Belastingbetalers Vereniging.**
**Datum: Woensdag 15 Oktober 2025**
**Tyd: 19:00**
**Plek: NG Strand-Noord Saal**

# Uitreikmaand Resepte



## Saudi Arabië - Hoender Kabsa

Braai 1½ kg hoender (ongeveer 6 porsies)
in bietjie olie saam met:
1 ui fyn gekap
1 eetlepel gerasperde gemmer
1 eetlepel gerasperde knoffel
2 lourierblare
¼ teelepel naeltjies
½ teelepel kardemom of 4 kardemompitte
½ teelepel fyn kaneel
½ teelepel fyn swartpeper
½ teelepel fyn koljander
½ teelepel fyn jeera
1 teelepel sout

Voeg 1 blikkie fyn tamaties + 3 koppies water met 2 hoenderekstrak-blokkies by en kook vir 20 min.
Voeg 2 koppies basmatierys (goed gewas en geweek vir paar minute) by
Plaas 3 grof gerasperde wortels bo-op die rys en kook stadig vir 20-30 min met die deksel styf op.
Kyk gereeld dat die rys genoeg water het, net genoeg om te absorbeer maar nie te brand.
Skep uit op ´n groot plat bord en versier met rosyne en amandelvlokkies.

